# GEMEENTEBULLETIN

**5 FEBRUARIE 2021**

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE

Eredienste word steeds nie in die kerkgebou gehou nie, maar is aanlyn beskikbaar. Ons wil graag weer 'n Sondagritme met betrekking tot inskakeling by eredienste en kategese vestig. Daarom word die oggend-, familie- en Relevantdienste vanaf 14 Februarie direk uitgesaai op die onderskeie tye waarop die dienste in die kerk aangebied sou word.

Kategesegespreksgroepe volg dan na afloop van die familie- en Relevantdienste.

**7 Februarie 2021**

Oggenddiens aanlyn vanaf 06:00 | Ds. Why Duvenhage

Meditatiewe diens aanlyn vanaf 06:00 | Ds. Philipp Dietmann

Familiediens direkte uitsending om 09:30 | Ds. Marius Breytenbach

Jeugdiens direkte uitsending om 18:00 | Ds. Hanno Ackerman

**14 Februarie 2021**

Oggenddiens **direkte uitsending om 08:30** | Ds. René Potgieter

Meditatiewe diens aanlyn vanaf 06:00 | Ds. Philipp Dietmann

Familiediens **direkte uitsending om 09:30** | Ds. Hanno Ackerman

Jeugdiens **direkte uitsending om 18:00** | Ds. Hanno Ackerman

## KATEGESE-INSKRYWINGS VIR 2021

Inskrywing vir kategese vind vanjaar slegs aanlyn plaas. Besoek asb. ons webwerf (www.stellenberg.co.za) om jou kind/tiener in te skryf. Almal moet asseblief inskryf, al was jy voorheen by die kategese ingeskakel, sodat ons kan beplan vir hoeveel kinders/tieners ons lesmateriaal, ens. moet voorberei. Ons sal dit waardeer indien almal die aanlyn inskrywings teen Sondag 14 Februarie 2021 afhandel.

### EDELWEISS AANLYN HUISBYEENKOMS

Sondag 7 Februarie om 18:00 | Dr. Theo Swart

Tema: Vertroue as jy vrees die Here is nie altyd by jou nie

Deut. 11:8-16

Besoek www.stellenberg.co.za en kliek op die eredienste-blokkie op die tuisblad om na die diens te kyk.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegramboodskap met jou *naam + van + stemboodskap* na 083 611 4720.

## KATEGESE

Ouers en graad 1's tot 7's word uitgenooi om na afloop van die familiediens (10:10) by die aanlyn kategeseaanbieding aan te sluit. Gebruik die volgende Zoom-skakel om die aanbieding te sien en aan die informele gespreksgroep deel te neem:
https://zoom.us/j/96037194877

Besprekingsmateriaal vir die Annibrand Junior-gespreksgroepe is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

Tieners kan na afloop van die Relevantdiens om 18:00 aan die Zoom-byeenkomste deelneem. Met die aanpassing van die Covid-regulasies sal graadgroepe om die beurt uitgenooi word om die gespreksgroepe in die kerk by te woon. Meer inligting op die Relevant-webwerf.

## BYBELLEESPROJEK

Ons wil lidmate uitdaag om hierdie jaar die Bybel van voor tot agter deur te lees. Die Bybel is ook vanjaar ons sentrale tema met die oog op preke. Die Stellenberg Bybelskoolsessies gaan ook aansluit by die oorhoofse Bybelleesprojek. Die eerste twee sessies van die Bybel-skoolkursus kan aanlyn op www.stellenberg.co.za gekyk word. Nuwe sessies sal kwartaalliks bygevoeg word.

Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of die Bybelleesprojek in te skakel, maar ons beveel tog aan dat lidmate die nuwe vertaling bekom. 'n Gratis Bybelleesgids kan by die kerkkantoor afgehaal word.

## ONDERSTEUNING AAN LIDMATE

Heelwat meer mense in ons omgewing en gemeente word skielik deur die tweede golf van die Covid-19-pandemie geraak. Ons wil graag waar moontlik mense wat siek is, asook hulle gesinne, ondersteun en versoek dat lidmate asseblief vir ds. René Potgieter in kennis stel indien u weet van 'n vriend, familielid, of iemand in die onmiddellike omgewing wat ernstig siek is. Kontak ds. René Potgieter by rene@stellenberg.co.za/ 079 893 8104.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.

## TERUGVOER OOR FINANSIES

Soos voorheen verduidelik, is op die gemeente se uitgawes in 2020 drasties besnoei. Personeel se salarisse is teen einde Mei met 20% en vanaf einde November tot op hede met 10% ingekort. Terreinpersoneel ontvang wel sedert September 2020 hulle volle salarisse. Verhogings wat vanaf Maart 2020 in werking sou tree, is ook gekanselleer.

Ons is egter baie dankbaar teenoor lidmate wat steeds op finansiële gebied by die gemeente se werksaamhede betrokke gebly het.

- **Maandelikse dankoffer en bankkollekte:** Hierdie twee items word saam bereken, omdat dit problematies is om presies te oordeel waarvoor lidmate per elektroniese betaling bygedra het. Die gesamentelike begrote bedrag is R5 400 000. Tans staan die inkomste op **R4 970 174**. Ons vertrou dat ons teen einde Februarie die begrote bedrag sal bereik. Ons loof die Here regtig vir lidmate se offervaardigheid.
- **Tiendemaandinsamling:** Ons verwagtinge is werklik oortref en teen die agtergrond van die aangepaste begroting van R930 000 staan ons tans op R1 181 280 (m.a.w. R 251 280 bo dit wat begroot is).
- **Feesmark:** Daar is in ooreenstemming met Covid-19-regulasies toe wel 'n aangepaste opskietmark gehou. Die inkomste het uiteindelik op R715 886 te staan gekom – R670 886 meer as die begrote bedrag.

Ons is opreg dankbaar teenoor lidmate vir hulle volgehoue ondersteuning.

## DIE BASAAR SE DATUM VERSKUIF

Die jaarlikse basaar verskuif voorlopig vanaf Vrydag 5 Maart na Vrydag 16 April 2021. Maak asseblief 'n aantekening in jou dagboek.

Maryna Steenkamp het die afgelope 20 jaar as konvenor van die witolifanttafel opgetree, maar het in 2020 uitgetree. Ons is op soek na 'n opvolger vir haar. Indien jy bereid is om te help, kontak asb. vir Deon Maree by 082 869 0364.

### WHATSAPP-GROEPE

Lidmate wat verkies om voortaan nie meer die WhatsApp-toepassing op hulle slimfone te gebruik nie, kan die bulletin, die skakel na die preke, of die daaglikse stem-boodskap, ook deur middel van die Telegram-toep op hulle slimfone ontvang.

Die gemeente se WhatsApp-groepe sal egter voortgaan en lidmate wat aanhou om die WhatsApp-toep te gebruik, sal steeds die bulletin en die skakel na ere-dienste weekliks op Vrydae en die stem-boodskappe daagliks per WhatsApp ontvang.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word daagliks leeggemaak.

### SnapScan

## VAKATURE VIR FINANSIËLE BESTUURDER

Die gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n voltydse **finansiële bestuurder**. 'n Tersiêre finansiële kwalifikasie asook bewese ondervinding is vereistes. Die suksesvolle kandidaat moet oor die vermoë beskik om

- Die dag tot dag finansiële pligte, verantwoordelikhede en kontroles van die gemeente self te behartig;
- Finansiële verslae betyds en akkuraat voor te berei en te ontleed vir die onderskeie gebruikers daarvan;
- In spanverband te kan saamwerk, maar ook onafhanklik te kan skakel met interne en eksterne belanghebbendes; terwyl ervaring en kreatiwiteit in 'n niewinsgewende milieu ook in ag geneem sal word.

Stuur asb. 'n dekbrief waarin u motiveer waarom u aansoek doen vir die pos, sowel as 'n volledige CV met 'n afskrif van u ID-dokument, voor 12 Februarie 2021 om 12:00 na stellenberg@stellenberg.co.za. Die posbeskrywing kan ook by dié e-posadres aangevra word.

Diensaanvaarding 1 Maart 2021 of so spoedig moontlik daarna.

### SKAKELS NA AANLYN EREDIENSTE

Wil jy graag na die aanlyn eredienste op jou selfoon kyk? WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 083 611 4720 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.